



The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.

Ser.

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1986

**AGROCON
LANVOKON**

'86

LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986

PRESENTED BY —

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- National Marketing Council
- SA Agricultural Union

**CSIR CONFERENCE CENTRE
Pretoria**

10 AND 11 FEBRUARY 1986

VRYSTELLING: 10h00 op Maandag, 10 Februarie 1986

EMBARGO: 10h00 on Monday, 10 February 1986

1313

DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE IN 1986

Rede gelewer deur dr. Gerhard de Kock,
President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank
by die Landhou-Vooruitskouingskonferensie: 1986
in Pretoria op 10 Februarie 1986

Die ekonomie: oorsese persepsies,
kapitaalonttrekking en die rand

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het 'n moeilike jaar agter die rug. Dit is veral nadelig beïnvloed deur die skielike verswakking wat vanaf Julie 1985 plaasgevind het in oorsese persepsies van Suid-Afrika se politieke en ekonomiese vooruitsigte.

Buitelandse bankiers, beleggers en sakemanne is vir maande lank daaglik gevoer op 'n dieet van verwronge, oordrewe en selfs vals media-berigte oor die onluste in dele van ons land en oor ons optrede om wet en orde te handhaaf.

Hierdie "disinformasie"-veldtog het die indruk oorsee laat posvat dat ons in 'n soort revolusionêre toestand verkeer. Ons is byvoorbeeld vergelyk met Iran voordat die Sjah moes padgee.

In onkunde het sommige bankiers, beleggers en sakemanne selfs begin vrees dat 'n radikale sosialistiese regering eerlank die bewind in Suid-Afrika sou oorneem, en dan die banke, myne en ander groot sake-ondernemings sou nasionaliseer.

Ander het weer gevrees dat die sosio-politieke onrus in die binneland en politieke druk van buite Suid-Afrika al meer sou isoleer en dwing om 'n "siege economy" te word -- onderhewig aan wêreldwye sanksies en in 'n wurggreep van regstreekse ekonomiese beheermaatreëls soos valutabeheer, invoerbeheer, prys-, wins-, dividend- en loonbeheer.

Albei hierdie stelle persepsies was natuurlik totaal verkeerd. Trouens, dit is moeilik vir ons in Suid-Afrika om te begryp hoedat oorsese bankiers, beleggers en sakemanne onder sulke wanindrukke kon verkeer het. Maar dit is nou eenmaal wat hulle gedink het. En die vrese wat hieruit voortgespruit het, het ons ekonomie hard geslaan.

Dit het onder andere daartoe gelei dat kapitaal in verskillende vorms uit Suid-Afrika onttrek is. Die hoofprobleem was die skielike onttrekking deur Amerikaanse banke van normale handelsfinansiering en ander krediete wat hulle aan Suid-Afrikaanse banke toegestaan het. Hierdie kapitaaluitvloeiing het toe die rand opnuut laat depresieer teenoor die VSA-dollar en die vernaamste ander geldeenhede. En dit weer het die inflasiekoers in Suid-Afrika verhoog.

Dit is belangrik in hierdie verband om te onderskei tussen die vroeëre depresiasie van die rand wat tussen September 1983 en 21 Januarie 1985 plaasgevind het (gemiddeld 44 persent teenoor 'n "mandjie" van geldeenhede) en die latere depresiasie wat ná die aankondiging van die noodtoestand in sekere landdrosdistrikte op 20 Julie 1985 begin het. Die depresiasie van die rand tussen September 1983 en Januarie 1985 is nie in die eerste plek deur sosio-politieke faktore veroorsaak nie, maar wel deur ongunstige ekonomiese ontwikkelings, soos die daling in die goudprys, die appresiasie van die VSA-dollar, die droogte en die feit dat Suid-Afrika se inflasiekoers in daardie jare omtrent drie keer so hoog as dié van sy vernaamste handelsvennote was. Hierdie depresiasie was 'n realistiese wisselkoersaanpassing by veranderde ekonomiese omstandighede en het baie tot ons groot lopende betalings= balansoorskot van 1985 bygedra. Ná Januarie 1985 het die rand toe matig herstel en tussen einde Januarie en Julie 1985 baie stabiel rondom 50 Amerikaanse sent gebly. Die daaropvolgende depresiasie van die rand tot amper 35 Amerikaanse sent in Augustus is egter wel veroorsaak deur die verswakking in oorsese persepsies na die onluste, die noodtoestand en die ander sosio-politieke probleme.

Die skuldstilstand

Hierdie abnormale kapitaalonttrekking ná Julie 1985 het ons gedwing om abnormale maatreëls te tref. Ons moes toe 'n "stilstand" ten opsigte van 'n deel van Suid-Afrika se buitelandse skuld verklaar en ook valutabeheer oor nie-

inwoners (die finansiële rand) instel. (Inwoners was reeds onder valutabeheer).

Suid-Afrika se skuldprobleem weerspieël geensins 'n swak ekonomie nie. Om oorsee te leen is gesond, mits die fondse vir produktiewe investering en handel aangewend word. Deur oorsee te leen in die 19de eeu het die VSA die ekonomiese reus geword wat hy vandag is. Het Suid-Afrika te veel oorsee geleen? Nee, oorsese deskundiges is dit eens dat Suid-Afrika nooit in totaal te veel in die buiteland geleen het nie. Die land se totale buitelandse skuld met insluiting van handelsfinansiering beloop slegs omtrent 24 miljard VSA-dollar. Dit is minder as 170 persent van ons jaarlikse uitvoere van goedere en dienste -- 'n betreklik lae persentasie vergeleke met die gemiddelde van 270 persent vir ontwikkelende lande in die westerse halfrond.

Verder beloop Suid-Afrika se totale rentebetalings op buitelandse skuld slegs sowat 7½ persent van ons uitvoere van goedere en dienste. As buitelandse dividende hierby gevoeg word, word die syfer omtrent 11 persent van uitvoere. Albei hierdie persentasies is relatief laag. En die 11 persent vir rente en dividende in totaal is min of meer die normale vlak wat reeds sedert 1946 bestaan, dit wil sê oor die afgelope 40 jaar.

Met ander woorde, in teenstelling met baie ander lande, is Suid-Afrika geensins "overhorrówed" nie. As land het ons

hoegenaamd nie 'n insolvensie-probleem nie. Dit alles is so pas weer in die openbaar beklemtoon deur dr. Fritz Leutwiler, die voormalige President van die Switserse Nasionale Bank en van die Bank vir Internasionale Vereffeninge, wat as tussenganger in Suid-Afrika se skuldonderhandelinge met buitelandse banke optree. Ook is daar geen probleem met Suid-Afrika se buitelandse rentebetalinge nie. Ons handelsoorskot is so groot dat ons met gemak al die rente bly betaal en nog boonop groot bedrae lenings aflos.

Wat is dan ons probleem? Dit is 'n "likwiditeits"-vraagstuk veroorsaak deur nie-ekonomiese persepsies. Ons het nie genoeg dollars of ander valuta om al ons korttermynskuld binne een jaar terug te betaal nie. Geen land in die wêreld kan dit doen nie, net soos geen bank al sy deposito's tegelyk kan terugbetaal nie. Ons het toe vir die oorsese banke en ander krediteure gesê ons kan en sal al hul lenings terugbetaal as hulle dit so verlang, maar ons kan dit vanselfsprekend nie alles op die kort termyn doen nie. Ons gaan natuurlik voort met alle rentebetalinge.

Daar was wel ernstige tekortkominge in ons bankwetgewing en -toesighouding. En sommige van ons banke het hul skuldig gemaak aan ongesonde buitelandse bankbedrywighede. Hulle het byvoorbeeld op oormatige wyse op kort termyn geleen en op lang termyn uitgeleen. Ook het hulle oormatige ongedekte posisies in buitelandse valuta

gehandhaaf. Alhoewel die Reserwebank alreeds twee jaar gelede sy bekommernis hieroor uitgespreek het, het hy nie vinnig genoeg opgetree om hierdie tekortkominge reg te stel nie. Daar is egter reeds in die eerste helfte van 1985 'n nuwe Bankwet deur die Parlement geloods met die spesifieke doel om hierdie leemtes uit te skakel. Die moontlike verskuiwing van banktoesighouding vanaf die Registrateur van Finansiële Instellings na die Reserwebank word ook tans ondersoek.

Die basiese gevolgtrekking bly egter dat die skuldprobleme sedert Julie nie veroorsaak is deur "overborrowing" of 'n ongesonde ekonomie nie maar deur die skielike onttrekking van lenings deur sommige oorsese bankiers, en wel omdat hulle die verkeerde persepsie van ons vooruitsigte gevorm het.

Die jongste gebeure

Soos ek reeds aangedui het, is die monetêre owerhede deur die abnormale kapitaalvlug ná Julie 1985 gedwing om 'n skuldstilstand in te stel en om valutabeheer op nie-inwoners weer terug te bring. Dit is op 1 September 1985 aangekondig.

Hierdie abnormale stappe was nodig. Maar tot in Januarie 1986, dit wil sê vir omtrent vier maande, was hulle per saldo teenproduktief. Hulle het wel sekere soorte kapitaal en krediet in die land gehou wat andersins sou uitgevloei het. Maar daarteenoor het hulle so die aandag op Suid-Afrika se likwiditeitsprobleem gevestig dat hulle

tot 'n groot uitvloeiing of nie-invloeiing van verskeie ander soorte kapitaal en krediet gelei het. Met ander woorde hulle het 'n negatiewe "skok-effek" gehad.

Byvoorbeeld:

- Lenings wat andersins nog omgerol sou kon geword het, al was dit dan miskien teen 'n hoër rentekoers, moes toe terugbetaal word (byvoorbeeld dollargedenomineerde korttermynobligasies of "notes" van die RSA-Regering en sekere openbare korporasies wat in die buiteland deur takke van Suid-Afrikaanse banke uitgereik is).
- Buitelandse krediet vir baie invoere het skielik opgedroog en die betrokke invoerders moes toe kontant "up front" betaal.
- Die verwagting dat in hierdie omstandighede die rand sou depresieer het gelei tot ongunstige "vervroegings en vertragings" in buitelandse betalings en ontvangste -- 'n soort korttermynkapitaaluitvloeiing.
- Kapitaal het die land verlaat op ander maniere wat volkome wettig is en nie deur valutabeheer gekeer kan word nie.

Gelukkig kon Suid-Afrika hierdie uitvloeiing van kapitaal oorleef omdat ons beperkende monetêre en fiskale beleid van die voorafgaande jaar 'n buitengewoon groot oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot stand

help bring het. Ons kon toe hierdie oorskot gebruik om die kapitaaluitvloeiing te finansier. Nietemin, ten spyte van die skuldstilstand en die strengste valutabeheer in ons geskiedenis -- op sowel nie-inwoners as inwoners -- het kapitaal en krediet tot in Januarie 1986 nog op so 'n skaal uit die land gedreineer dat dit die hele lopende oorskot geneutraliseer het en die rand onder afwaartse druk in die valutamark geplaas het.

Die tydperk vanaf Julie tot Desember 1985 was inderdaad vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Tesourie een van die moeilikste in hulle geskiedenis. In die jongste tyd het die ekonomiese toestand en vooruitsigte in Suid-Afrika egter aansienlik verbeter:

-- Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het al groter en groter geword. Vir 1985 as geheel is die jongste raming 'n indrukwekkende oorskot van byna R7 miljard. En in die vierde kwartaal van 1985 het die lopende oorskot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van byna R11 miljard beloop! Ons uitvoere het in 1985 merkwaardig gestyg terwyl ons invoere in volume verder gedaal het. Dit was in 'n groot mate die regstreekse gevolg van (1) die beperkende fiskale en monetêre beleid wat oormatige totale besteding heeltemal uitgeskakel en dus invoere laat daal het, en (2) die depresiasie van die rand, wat uitvoere aangemoedig en invoere ontmoedig het.

- Soos verwag is, het die ongunstige "vervroegings en vertragings", wat per definisie tydelik van aard was, teen die einde van Desember 1985 begin afneem. Hierdie proses is aangehelp deur die styging in die dollarprys van goud en die verwagting van beter landbou-oeste as gevolg van goeie reën in baie dele van die land. Albei hierdie ontwikkelings het bygedra tot die verwagting dat die rand sou appresieer.
- Die Staatspresident se geskiedkundige toespraak by die opening van die Parlement op 31 Januarie 1986 het 'n dramatiese gunstige uitwerking op die kapitaalrekening van die betalingsbalans gehad. Dit het tot so 'n aansienlike verbetering van die oorsese persepsies van Suid-Afrika se sosio-politieke en ekonomiese vooruitsigte gelei dat dit 'n sterk verwagting geskep het dat die rand merkbaar verder sou appresieer. Die onmiddellike gevolg was 'n skerp ommeswaai van die vervroegings en vertragings. Op die valutamark het die vraag na rand (die aanbod van dollars) gevolglik toegeneem en die vraag na dollars afgeneem.
- Die gevolg van die groot lopende betalingsbalansoorskot plus die verbetering in die kapitaalrekening was 'n aansienlike appresiasie van die rand. Die rand het tussen 18 Desember 1985 en 7 Februarie 1986 met gemiddeld 23 persent teenoor ander geldeenhede geappresieer en met 26 persent teenoor die VSA-dollar.

-- Sedert die einde van Desember en veral sedert die Staatspresident se toespraak op 31 Januarie het die goud- en valuta-reserwes van die Reserwebank ook merkbaar gestyg. Dit het die Reserwebank die nodige "ammunisie" (in die vorm van VSA-dollars) gegee om in die toepassing van die amptelike wisselkoersbeleid van beheerde swewing groter bestendigheid aan die rand te verleen deur middel van sogenaamde "intervensie". Die Bank doen dit deur dollars aan te koop wanneer die rand te vinnig wil styg en deur dollars te verkoop wanneer die rand neig om te vinnig te daal. Om laasgenoemde te doen, dit wil sê om die rand hoog te hou wanneer dit afwaarts neig in die mark, moet die Reserwebank natuurlik genoeg dollars in voorraad hê of genoeg dollars kan leen. Dit is juis hier waar die knoop gelê het in die tydperk vanaf 20 Julie tot laat in Desember 1985 -- die Reserwebank het vanweë die aanvanklike teenproduktiewe uitwerking van die stilstandreëlings en die verskerpte valuta-beheer nie gedurende daardie kritieke maande oor genoeg dollars beskik om die rand bestendig te hou of te laat styg nie. Maar gedurende die afgelope weke, en veral sedert die Staatspresident se toespraak, het die Bank heelwat dollars bygekry en is sy posisie in hierdie opsig dus versterk.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die amptelike wisselkoersbeleid van beheerde swewing vanaf sy inwerkingstelling in Januarie 1979 tot

vandag toe nog basies dieselfde gebly het. In Suid-Afrikaanse ekonomiese beleid word prioriteit aan binnelandse groei en algemene ekonomiese stabiliteit verleen en nie aan wisselkoersstabiliteit as sodanig nie. Die monetêre owerhede rig hulle beleid daarop om die geldvoorraad en die werklike totale geldbesteding te beheer en so bestendig as moontlik te laat toeneem. Om die wisselkoers te probeer vaspen sou totaal onversoenbaar met hierdie beleid wees. Dit is omdat die geldvoorraad, die rentekoerse en die wisselkoerse interafhanklik is en nie onafhanklik bepaal kan word nie. Die wisselkoersbepaling word dus basies aan vraag en aanbod in die valutamark oorgelaat. Hierdie vraag en aanbod word natuurlik wel deur valutabeheer en die stilstandreëlings beïnvloed. Ook is dit die Reserwebank se strewe om onnodige korttermynskommelings in die wisselkoers deur sy "intervensie" in die valutamark (aankope en verkope van dollars) uit te stryk. Maar die wisselkoers moet beweeglik wees indien die doelstellings van ekonomiese groei en stabiliteit nagestreef wil word.

- Die ekonomie verkeer nou in die vroeë stadiums van 'n nuwe sikliese oplewing. Die afwaartse fase van die sake-siklus het in die derde kwartaal van 1985 ten einde geloop.

Die verwagte neigings in die wêreld ekonomie

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in 1986 gedurende die afgelope weke aanmerklik verbeter het. Die verloop van sake in die Suid-Afrikaanse ekonomie sal natuurlik ook beïnvloed word deur die gebeure in die wêreld ekonomie. Daarom is dit nodig om eers te kyk na die jongste ekonomiese neigings in ander lande.

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) verwag dat ekonomiese groei in sy 24 lidlande in totaal sowat 2,5 persent in 1986 gaan beloop, vergeleke met 'n groeikoers van 2,75 persent in 1985. Hierdie effense verlangsaming weerspieël onder andere die OESO se verwagting dat die groeitempo van 2,5 persent in die VSA in 1985 nie gedurende 1986 sal versnel nie.

Dit word verder verwag dat produksiegroei in Japan sal verminder tot ongeveer 3 tot 3,5 persent in 1986, nadat 'n groeikoers van ongeveer 5 persent in 1985 aangeteken is. In Europa word produksiegroei op tussen 2 en 2,5 persent in 1986 geraam teenoor groei van 2,25 persent in 1985.

Sover dit die vernaamste nywerheidslande van die wêreld aanbetref, kan daar dus vooruitgesien word na 'n jaar van bestendige, alhoewel matige, ekonomiese uitbreiding. Suid-Afrikaanse uitvoerders behoort hierby te baat. Die huidige aanduidings is dat 'n toename van tussen 3 en 4 persent in die volume van uitvoere van goedere en nie-faktordienste in 1986 verwag kan word.

Meeste projeksies dui daarop dat die inflasiekoerse in die vernaamste nywerheidslande in 1986 oor die algemeen laer as in 1985 sal wees. Nietemin kom dit voor asof die onlangse daalfase in internasionale kommoditeitspryse dalk nou beëindig is. Daar was selfs 'n effense styging in die vierde kwartaal van 1985 waarneembaar. Die verwagting is dat hierdie opwaartse beweging in pryse in 1986 sal voortduur. Indien dit die geval blyk te wees, kan Suid-Afrikaanse uitvoerders 'n matige verhoging in uitvoerpryse in terme van buitelandse geldeenhede te wagte wees.

Die verwagte heigings in die Suid-Afrikaanse ekonomie

Teen hierdie agtergrond van onlangse binnelandse en verwagte buitelandse gebeure wil dit voorkom asof die ekonomiese toestand in Suid-Afrika in 1986 aanmerklik gaan verbeter.

Soos reeds genoem, verkeer die ekonomie nou reeds in die vroeë stadiums van 'n nuwe opwaartse fase van die sake-siklus. Voorlopig is ekonomiese bedrywigheid nog laag en is daar nog baie werkloosheid en surplus kapasiteit in die ekonomie. Maar die verwagting is dat die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk in 1986 soveel as 3 persent sal beloop. Die heel jongste aanduidings is dat dit selfs nog hoër mag wees. Hierdie verwagte groeikoers moet dan vergelyk word met 'n klein negatiewe syfer vir 1985.

Die omvangryke droogte in die somerreëngebiede gedurende die afgelope drie seisoene het opnuut laat blyk watter groot invloed die landhousektor nog steeds op die algehele groeiprestasie van die ekonomie uitoefen. Goeie reën in die binneland het nou die verwagting van 'n goeie landhoujaar laat posvat. Boerdery-inkomstes kan in die komende jaar aansienlik beter vertoon as in die onlangse verlede. Toenames in produksievolumes sowel as beter uitvoerverdienstes, wat ook deur die laer rand bevorder word, sal die hydrae van die landbou tot die bruto binne-landse produk verhoog en ook tot die voordeel van die handel en vervaardigingsektore strek.

Die owerhede het reeds duidelik laat blyk dat monetêre en fiskale beleid in 1986 vinniger ekonomiese groei sal bevorder. Hiervan is die Reserwebank se nege Bankkoersverlagings sedert April 1985 'n duidelike bewys. Inspuitings deur die owerheid in die vorm van verbruiks- en kapitaaluitgawes sal ook ekonomiese groei in 1986 aanmoedig. Terselfdertyd is sekere belastingtoegewings vir individue reeds aangekondig. Verder sal werkskeppende projekte en programme vir die opleiding van werklose persone wat deur die Minister van Mannekdrag in Oktober 1985 in werking gestel is, in 1986 voortgaan.

Die laer wisselkoers van die rand bevorder ook reële ekonomiese groei. Dit verhoog nie net die volume van uitvoere nie maar ook die randwaarde van uitvoerontvangste. Verder maak dit plaaslike vervaardiging meer

mededingend in die binnelandse mark en bevorder so invoervervanging.

Gedurende 1986 word verwag dat al die komponente van bruto binnelandse besteding, met die uitsondering van vaste investering, in reële terme sal toeneem. Aangesien aansienlike surplus kapasiteit in die ekonomie aanwesig is, sal die toename in die binnelandse vraag waarskynlik bevredig kan word sonder enige vraagdruk op pryse.

Verder is die huidige aanduidings dat die verwagte versnelling in die binnelandse vraag versoenbaar sal wees met 'n oorskot van meer as R4 miljard op die lopende rekening van die betalingsbalans.

Wat van inflasie? Dit is 'n ernstige saak. Maar dit is nodig om te kyk na die oorsake van hierdie inflasie. Die huidige inflasie word nie veroorsaak deur oormatige geldskepping en oorbesteding nie. Intendeel, die monetêre en fiskale beleid het goed daarin geslaag om die geldvoorraad en geldbesteding onder beheer te kry. Die versnelde inflasie van die afgelope maande is grootliks die gevolg van die skielike onttrekking van buitelandse lenings ná Julie en die depresiasie van die rand wat daarop gevolg het. Dit het die pryse van brandstof en ander ingevoerde goedere laat styg en so die prysindekse opgestoot. Hierdie inflasiekoers sal waarskynlik vir eers nog verder styg. Maar dit behoort later in die jaar te begin daal, en wel omdat daar geen vraaginflasie aanwesig is nie en die rand die afgelope weke sterk herstel het.

Die Regering plaas 'n hoë prioriteit op inflasiebestryding. Derhalwe sal die Tesourie en die Reserwebank se beleid steeds daarop gerig bly om oormatige stygings in die geldvoorraad en besteding te verhoed.

Slot

In hierdie verband wil ek afsluit met 'n pleidooi aan die boeregemeenskap van Suid-Afrika, vir wie ek om 'n hele aantal redes 'n baie hoë agting het:

Verleen u steun aan die monetêre owerhede wanneer hulle deur middel van markgerigte beleid probeer om die geldvoorraad en totale besteding teen die optimale koers te laat toeneem -- vinnig genoeg om die verlangde reële groei te bevorder, maar nie so vinnig dat dit inflasie bevorder nie.

So 'n beleid, soos ons in 1984/85 gesien het, kan soms tydelik hoë rentekoerse meebring, wat die boeregemeenskap hard kan slaan. Maar u ware vyand is nie tydelik hoë rentekoerse nie -- u ware vyand is inflasie en sy tweeling-broer ekonomiese onstabiliteit. Om hierdie euwels te bekamp, moet die monetêre owerhede die groei van die geldvoorraad beteuel en bestendig. Om dit te doen, moet die Reserwebank soms sterk staan en weier om te veel geld te skep deur sy eie kredietverlening. En dit, op sy beurt, kan soms meebring dat rentekoerse tydelik hoog word -- as mens iets skaarser maak (in hierdie geval die geldvoorraad), is dit immers logies dat die prys daarvan (in

hierdie geval die rentekoers) neig om te styg. Maar dit is 'n noodsaaklike en onvermydelike prys om te betaal vir minder inflasie en algemene ekonomiese stabiliteit.

Omdat rentekoerse die afgelope maande aansienlik gedaal het en sommige koerse tans selfs negatief in reële terme is, is die probleem van hoë rentekoerse vir boere vir die huidige minder akuut. Maar indien die nuwe oplewing stukrag ontwikkel en die geldvoorraad weer te vinnig begin styg, sal die Reserwebank weer eens wal moet gooi, en dan kan rentekoerse weer styg.

Indien die monetêre owerhede egter daarin slaag om die geldvoorraad en totale besteding teen min of meer die optimale koers te laat toeneem, sal die inflasiekoers na verloop van tyd aansienlik daal. En dan sal die nominale rentekoerse nie tydens die oplewing te veel hoef te styg nie. Intendeel, as die inflasiekoers betekenisvol verminder kan word, sal nominale rentekoerse rondom laer vlakke as in die afgelope jare beweeg. Maar mens kan nie die kar voor die perde span en in 'n tyd van oormatige geldskepping eers die nominale rentekoerse wil laat daal nie. Nee, die geldvoorraad moet eers beteuel word, al beteken dit tydelik hoër rentekoerse. Daarná sal die inflasiekoers en die rentekoerse op die verlangde wyse daal.

Dit alles laat natuurlik die weg oop vir die Regering om in daardie tye wanneer rentekoerse tydelik moet styg,

finansiële hystand aan boere te verleen deur middel van openlike rentesubsidies. Inderdaad het die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika in sy Finale Verslag in 1985 die regmatigheid van sodanige finansiële hystand aan die landhousektor onder sekere omstandighede sterk ondersteun.

Die ideaal bly egter om die geldvoorraad en totale besteding effektief te betuël. En in daardie proses is dit verkieslik dat rentekoerse vroegtydig en matig opwaarts beweeg om enige toekomstige neiging tot oorbesteding in die kiem te smoor, eerder as om te laat tot veel hoër vlakke verhoog te moet word.

My pleidooi is dus vir wederkerige begrip en samewerking tussen die landhousektor en die monetêre owerhede om inflasie en ekonomiese onstabiliteit in die toekoms meer effektief te bekamp.
